3 Julie 2026

Geagte SAKOV-lede en erelede

**UITNODIGING: SAKOV NASIONALE ORRELSIMPOSIUM EN ALGEMENE JAARVERGADERING**

Hiermee word u hartlik uitgenooi na SAKOV se vierde Nasionale Orrelsimposium (NOS) en 46ste Algemene Jaarvergadering (AJV) wat van 3 tot 5 September 2026 by die Universiteit van Stellenbosch en die omliggende Wynlandstreek aangebied word.

**1. SAKOV NASIONALE ORRELSIMPOSIUM 2026**

Hierdie jaar se program is gemik op minder ervare en ervare orreliste, akademici, kerkmusici, studente, jongmense, asook belangstellendes uit verskillende kerklike denominasies en tradisies. Die program sluit sewentien aanbieders, drie konserte, twee samesanggeleenthede en 'n paneelbespreking in.

Ek is seker baie van u onthou *Ars Organi* van Flor Peeters wat in vele orreliste se boekrakke pryk en aan die begin van verskeie orreliste se orrelloopbane gebruik is. Ons gasorrelis, prof. Luc Ponet, het self by Flor Peeters studeer en sal in sy aanbieding 'n unieke perspektief op hierdie belangrike tradisie van orrelonderrig bied. Hy kom al die pad van België en dit is vir ons ‘n besondere voorreg om hom deel van ons simposium te kan hê.

Benewens al die meesterklasse en aanbiedinge, kry ons ook weer die geleentheid om die indrukwekkende Marcussen-orrel in die Endlersaal te hoor en te beleef.

**2. MEESTERKLASSE**

Prof. Luc Ponet en dr. Marian Steyl sal meesterklasse aanbied op Donderdag, 3 September en onderskeidelik fokus op akademiese orrelrepertoire en Suid-Afrikaanse koraalvoorspele. Die sluitingsdatum vir deelnemers is Vrydag, 21 Augustus 2026 en u kan met die aanlyn-inskrywingsvorm inskryf. Luisteraars is ook baie welkom.

**3. SAKOV VIR DIE JEUG**

Die toekoms van die orrel rus in die hande van die volgende geslag en daarom bied SAKOV vir die derde keer 'n spesiale jeuggeleentheid aan. Jong musikante word genooi om die wonderwêreld van die pyporrel te ontdek. Die geleentheid word aangebied deur dr. Andrea Kayser-Mitas en vind plaas op Donderdag, 3 September om 15:30 by die NG Toringkerk in Paarl. Hoewel die fokus op skoolleerders val, is alle SAKOV-lede en enige belangstellendes buite SAKOV ook welkom om dit by te woon.

> ***Hierdie geleentheid word gratis aangebied vir die publiek.*** *Ons sal dit waardeer indien u dit onder musiekonderwysers, musiekleerders en jong musikante in die omgewing kan bekendstel.*

**4. PANEELBESPREKING: DIE KERKLIED IN 2030**
Tegnologie ontwikkel vinnig en beïnvloed toenemend die manier waarop musiek geskep, versprei en gebruik word. SAKOV bied daarom 'n paneelbespreking aan deur kundiges in verskeie velde om ons hierin te lei. Dit vind plaas op 3 September om 18:00 by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington en word gelei deur prof. Gideon Els. Die paneel bestaan uit kundiges in verskillende velde van kerkmusiek, teologie, media en kommunikasie.

> ***Hierdie geleentheid word gratis aangebied vir die publiek.*** *Ons moedig enige persoon wat in die toekoms van kerkmusiek belangstel aan om hierdie gesprek by te woon en sal dit waardeer indien u dit kan bekendstel aan belangstellendes. Leraars, komponiste en begeleiers van die klassieke én kontemporêre kerkliedere sal hierby baat vind.*

**5. KONSERTE**
Een van die hoogtepunte van die simposium is die uitvoering van **Joseph Jongen** se monumentale ***Symphonie Concertante*** vir **orrel en orkes** deur Luc Ponet en die Universiteit van Stellenbosch Simfonieorkes. Hierdie orrelkonsert is laas in 1998 in Suid-Afrika uitgevoer en daarom 'n besondere geleentheid om by te woon. **Afslagkaartjies** van 25% is beskikbaar vir slegs 40 SAKOV-lede teen R120. Betaling moet saam met die simposiuminskrywing voor 21 Augustus 2026 gemaak word.

Twee etensuurkonserte word ook aangebied. Op **Vrydag 4 September om 12:00** sal die 2025-beurswenners op die Marcussen-orrel in die **Endler-saal** 'n uitvoering lewer van Suid-Afrikaanse koraalvoorspele. Op **Saterdag, 5 September om 15:00** sal ons **Afsluitingskonsert** by die **NG Kerk Stellenbosch-Noord** plaasvind. Die program behels die bekendstelling van SAKOV se nuwe publikasie, *Halleluja's en Erediensmusiek* deur verskeie orreliste en **Die Mag van Twee,** aangebied deur **Louna Stofberg** en **Winand Grundling** op **klavier** en **orrel.**

> *Die etensuurkonserte is oop vir die publiek. Nooi gerus familie, vriende en kollegas om saam te kom luister. Toegang is 'n donasie.*

**6. BUNDELBEKENDSTELLING**
Dit is vir die Bestuur baie lekker om nuwe Suid-Afrikaanse orrelmusiek aan ons lede beskikbaar te stel. Vanjaar word *Halleluja's en Erediensmusiek* deur dr. Niel van der Watt amptelik bekendgestel. Hierdie waardevolle bundel bevat 25 verwerkings van geliefde Halleluja-liedere wat uitstekend geskik is vir gebruik in eredienste regoor Suider-Afrika. Die verwerkings is op so 'n wyse geskryf dat die gemiddelde kerkorrelis dit met minimale voorbereiding kan gebruik. Tesame met die 25 Halleluja-liedere, is daar ook nege liedverwerkings en twee nie-liturgiese werke.

**7. SAKOV SE 46STE ALGEMENE JAARVERGADERING**
Die 46ste Algemene Jaarvergadering vind plaas op DV Saterdag, 5 September 2026 om 14:00 by die NG Kerk Stellenbosch-Noord.

Lede wat sake vir bespreking op die agenda wil plaas, word versoek om dit teen Vrydag, 21 Augustus 2026 aan chair@sakov.co.za te stuur.

**8. PROGRAM**
'n Volledige program word saam met hierdie brief versprei. Ons vertrou dat die verskeidenheid aanbiedinge, konserte en netwerk geleenthede iets van waarde vir elke deelnemer sal bied.

**9. INSKRYWINGS EN KOSTES**
Inskrywings kan deur middel van die hierdie skakel gedoen word:
https://forms.gle/WwhfTxivkY7SQbv38

Alle betalings moet direk in die SAKOV-bankrekening gemaak word.

| | |
|---|---|
| SAKOV vir die JEUG | GRATIS |
| SAKOV-Paneelbespreking | GRATIS |
| SAKOV-lid bywoning Vrydag, 4 September | R200 (11 sessies) |
| SAKOV-lid bywoning Saterdag, 5 September | R150 (5 sessies en SAKOV algemene sake) |
| Meesterklasse deelname | R350 per stuk |
| Meesterklasse luisteraar | R100 vir die dag |
| Etensuurkonsert en Afsluitingskonsert | Donasie |
| Halleluja's en Erediensmusiek | R200 per kopie beskikbaar by NOS |
| Nie-lede bywoning Vrydag, 4 September | R400 (11 sessies) |
| Nie-lede bywoning Saterdag, 5 September | R300 (5 sessies en SAKOV algemene sake) |
| Nie-lede bywoning Vrydag en Saterdag en lidmaatskap tot SAKOV | R950 |

## Die sluitingsdatum vir alle inskrywings is Vrydag, 21 Augustus 2026.

Ons sal dit waardeer indien u hierdie geleentheid ook onder kollegas, studente en belangstellendes bekendstel. Verwys asseblief belangstellendes wat nie lid van ons vereniging is nie na ons webblad om kaartjies te bekom: https://sakov.co.za/shop/

Ons sien uit daarna om hierdie besondere drie dae rondom ons geliefde instrument saam met u te spandeer.

Met beste wense

Dr. Isabelle van Rensburg
SAKOV Voorsitter

Mnr. Wybrand van der Westhuizen
SAKOV Sekretaris